

4 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 33 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 33:6-9

Deur sy Woord alles!

Hoe sal ek en jy dit regkry om getuies van God in hierdie wêreld te wees? In hierdie wêreld vandag word meer dinge bevraagteken as beantwoord. Elkeen sê en doen wat vir hom of haar die beste is. Vanuit die massas inligting, wat deur die tegnologie vandag beskikbaar is, is daar soveel hoofde soveel sinne. Mense praat baie, maar sê bitter min of niks. Sal my getuieniswoord dan enigsins 'n indruk kan maak?

Deur die Woord van die Here! So sing die gemeente, opgeroep deur die koorleier om 'n nuwe lied te sing (vs 1-3). Die gemeente is jou rugsteun. Met hulle oorgawe waarmee hulle uitjubel, bevestig hulle dat God reg is, dat Hy 'n vaste verhouding met Hom verkies en dat Hy daarin sy troue liefde wys (vs 4 & 5).

God het deur sy woord alles gemaak. Die hemel waaroor ons geen beheer het nie, die waters waarteenoor ons eintlik magteloos is ... alles is onder sy mag, sy magswoord (vs 6 & 7). Sal hierdie woord dan nie mag oor mense hê nie? Mense dink dat mag in hulle hande lê. Hulle mobiliseer hulleself om hulle planne uit te voer en beskou hulle sukses as heldedade. Wie is ek en jy om hulle koers te verander?

Dit is nie ons woorde wat mense verander nie. Dis God se Woord. Die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:14). Op die oog af het sy kruisdood gelyk na 'n oorwinning vir mensemag. Sy kruis en opstanding wys toe God se heerlijkheid – dat Hy Here is. Dat Hy menslike planne en mensemag tot niet maak. Hy het die mag om lewe te skep. Hy hoef nie te mobiliseer nie, Hy sê net en dit gebeur.

Wie God se Woord laat hoor ... Eers in die gemeente as jubeling en belydenis. En uit die gemeente in die wêreld in. God verander mense. Hy maak lewend wat dood was in hulle sonde.

Sing: Psalm 33:1, 5 (1936)

Ds. CA Jansen (Secunda)